Geloofsfamilie
Vaalpark NG Kerk

# Gebedsbulletin
# No. 13 van 2026

## 29 Maart 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Moenie net vir God werk nie

"Ek werk vir die Here." Dit is 'n gewilde ding om te sê. Dalk is dit hoekom iemand wat hierdie woorde aangehoor het dadelik gereageer het: "En ek werk vir myself."

Ek verstaan hoekom mense sê hulle werk vir die Here. Dis nie verkeerd nie. Paulus moedig slawe in Kolossense 3:23-24 aan om hulle werk vir die Here te doen en nie vir hulle harde base nie, maar dis beter om voltyds vir die Here te leef as om net vir Hom te werk.
Ons kan 'n slag ons werktaal eenkant sit, want God is ons Vader. Hy is nie ons Werkgewer nie. Ons is Sy kinders. Ons is kinders wat altyd tuis in God se huis is. Hy is ons Vader wat vir ons sorg. So naby is God aan ons dat Hy selfs die hare op ons kop tel. God ken ons deur en deur. God hou ons styf in Sy handpalms vas. Daarom wil ons graag naby aan Hom wees. Ons wil hê Hy moet die Rots wees op wie ons ons lewens bou. Ons wil voltyds vir Hom leef en nie net vir Hom werk nie.

Hoor net hoe jubel Paulus oor ons kindskap in Romeine 8:15-16:
15) Julleself het die Gees van God ontvang, Hy sorg dat julle nie soos slawe is wat gedurig in vrees en angs vir God leef nie. Allermins! Julle het die Gees ontvang. Hy het julle verander en julle aangeneem as God se kinders. Deur die Gees roep ons aanhoudend uit in ons harte: "Abba, liefdevolle Vader!" Hyself bind ons met bande van liefde baie styf vas aan ons Hemelse Vader. 16) Die Gees oortuig ons hier diep binne-in ons harte dat ons God se kinders is. (NNT)

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel
Holtzhausen
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Hannelie Ball
Marinda Jordaan
Vionet Foster
Charlie Bherens
Jaco Meyer
Amanda J van Rensburg
Tannie Sannie Wentzel
Moos Nel
Hazel de Villiers
Nettie Badenhorst
Arno Claassen
Dina Roothman
Tiné Pretorius

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Moenie 'n seer oomblik met jou hele lewe verwar nie!

## GEDAGTE VD WEEK




<u>*Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .*</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in